LANDBOUSKRYWERS SA
AGRICULTURAL WRITERS
Wes-Kaap/Western Cape

Nuusverklaring deur Landbouskrywers SA (Wes-Kaap) oor die streekstoekennings vir die Boere en Landboukundige van die Jaar 2009

Die Wes-Kaap se kandidate vir Landbouskrywers SA se Boer, Landboukundige en Opkomende Boer van die Jaar is Vrydagaand op ‘n onthaal in die Paarl aangewys. Hulle is onderskeidelik mnr. Bernardt du Toit, prof. Chrisjan Cruywagen en me. Wadea Jappie.

Me. Wadea Jappie is die Wes-Kaap se Opkomende Boer van die Jaar.

Sy het haar kleinhoewe in 2003 gekoop en besluit om met lêhoenders en groente te boer. Sy het begin met 50 hoenders en vandag kry sy 21 000 eiers per week van 3 700 hoenders.

Sy het eers die eiers aan ‘n paar plaaslike bakkerye, familie en vriende voorsien, maar binnekort moes sy bemarking begin doen om die ekstra eiers te verkoop. Sy verskaf weekliks eiers aan bekende koffiewinkels, soos Mugg ‘n Bean, Nino’s en Balducci’s in die Kaapstad-omgewing.

Om geld te spaar, het Jappie ‘n reëling met ‘n paar koffiewinkels en restaurante om skoon eierbokse by die kombuispersoneel te koop.

Sy het ‘n kontrak met Freshmark, ‘n divisie van Shoprite Checkers, aan wie sy verpakte groente drie keer ‘n week voorsien. Sy voorsien ook vir Cape Salads CC wat weer vir Woolworths slaai verpak, met 5 000 koppe slaai per week. Sy lewer daagliks groente af by die Epping-mark en by ‘n paar Pick ‘n Pay winkels in die omgewing.

Jappie gee heelwat terug aan die gemeenskap. Elke dag gee sy aan die mense van Delft groente wat verkoop kan word as ‘n ekstra inkomste en ook in hul huise gebruik kan word. Sy gee al die gekraakte eiers aan die kosskema in Philippi en in die winter kook sy sop vir die plaaswerkers in die omgewing. Sy skep ook werksgeleenthede deur mense uit die gemeenskap te kry om elke tweede week die hoenderhokke te kom skoonmaak.

Jappie se droom is om haar hoenderhokke verder uit te brei en een dag onder haar eie naam, Chamomile Eggs, die eiers aan winkels te verkoop. Dit is duidelik in die manier hoe sy haar plaas bestuur dat sy baie passievol is oor die landbou

en sy en haar personeel woon gereeld werksessies en seminare by om op hoogte te bly.

Sy is getroud en het vier kinders.

Mnr. Bernardt du Toit van die Langrivier Boerdery (Edms.) Bpk. in die Koue-Bokkeveld is die Wes-Kaapse Boer van die Jaar.

Du Toit het sy boerdery, 'n eenmansaak sedert 1988, onlangs in 'n maatskappy met 'n omset van amper R50 miljoen per jaar omgeskakel.

Langrivier is 'n uitvoerboerdery wat sagtevrugte (appels, pere, nektariens, kersies, pruime, desertperskes, appelkose en interspesie-kultivars) op 240 ha, uie op 110 ha, aartappels op 100 ha en broccoli en kool op 20 ha verbou. Dit is alles onder besproeiing. Koring word op 150 ha droëland verbou. Die veefaktor bestaan uit 1 500 Merino-skape en 60 Angus-beeste.

Die onderneming voer self 8 000 ton vrugte (40 % van die oes) per jaar uit na Brittanje. Sy handelsmerke is danksy Colors, Dole, Capespan en Mack Multiples ook op winkelrakke in Kanada, Europa, Spanje, Duitsland, Rusland, die Verre- en Midde-Ooste, Singapoer en Hongkong te vind.

Die boerdery het 'n kontrak om blomkool en broccoli aan groot kettingwinkelgroepe te lewer en het kontrakte met Lambertsbay Foods en Simba wat die aartappels koop. Langrivier is 'n geregistreerde moerkweker.

In die grootste swart ekonomiese bemagtigingstransaksie tot dusver in die Wes-Kaapse landbou het 242 plaaswerkers op 1 Oktober 2008 mede-eienaarskap van die boerdery verkry. 'n Derde van dié onderneming behoort nou aan heeltydse en seisoenale plaaswerkers. Die transaksie het meer as R50 miljoen beloop.

In seisoen werk daar 600 werkers op die plaas.

Du Toit weet wat die mark wil hê en sorg dat hy op die voorpunt bly om in daardie vraag te voorsien – én hy weet hoe om die twee bymekaar te kry.

Dit is ook belangrik om groot drome te droom en te weet waarheen jy op pad is, is sy filosofie.

Du Toit sê: "Ek het gemiddeld 8 jaar oor van werk ... 8 jaar waarin ek dit my doelwit maak om hierdie nuwe aandeelhouers te leer hoe om verantwoordelikheid te neem vir wat nou ook hulle s'n is. Party mag sê dis

onmoontlik, maar baie keer is ‘great opportunities brilliantly disguised as impossible situations’. “There can be no keener revelation of a project’s heart than the way in which it treats its children.”

Hy dank die Skepper vir die geleenthede wat op sy pad gekom het en die verstand om dit te benut en sê hy sou nooit alles self kon vermag nie.

Hy is getroud met Louna en hulle het drie seuns, Ben, Jaco en Johannes.

Prof. Chrisjan Cruywagen is die Wes-Kaapse Landboukundige van die Jaar.

Hy word beskou as internasionale spesialis as dit kom by navorsing oor die chemiese stof melamien. Hy is tans die hoof van die melamien-navorsingspan aan die Universiteit Stellenbosch. In 2008, met die melamien-besmette poeier wat in China gevind is, was tekens van melamien ook in melk van Suid-Afrikaanse melkkuddes te bespeur.

Cruywagen en sy span het ‘n groot deurbraak gemaak toe hulle in dié tyd bewys het dat melamien nie by die melk gevoeg is – soos in China gebeur het – nie, maar dat dit oorgedra is deur die melk van koeie wat voer gevreet het wat met melamien besmet was. Dit was die eerste wetenskaplike bewys in die wêreld dat melamien van voer aan melk oorgedra kan word.

Dié bevinding is onlangs as ‘n “Hot Topic” in die Journal of Dairy Science gepubliseer.

Cruywagen en sy span het ook bewys dat melamien maklik ingeneem kan word en dat die belangrikste uitskeidingsroete deur die niere is. Hulle het bevind dat die vleis en eiers van diere wat melamien ingekry het, ook melamien bevat en dat dit deur gras geabsorbeer kan word as dit deel is van ‘n kunsmisbestanddeel is.

‘n Samevatting van Cruywagen se navorsing oor melamien was een van net agt soortgelyke werke wat gekies vir die spesiale voorlegging oor nuwe navorsing en navorsing aan die voorpunt van die bedryf op die openingsdag van die gesamentlike vergadering van die Amerikaanse Melkwetenskapsvereniging, die Amerikaanse Vereniging vir Dierewetenskap en die Kanadese Vereniging vir Dierewetenskap wat in Julie in Montreal gehou is.